

APRIL 2024
IN OORSIG

&
you

EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

Inflasie- en rentekoerse was steeds in die nuus aangesien verskeie sentrale banke oor hul monetêre beleid vergader het. Teen die einde van die maand het die Federale Opemarkkomitee (FOMK) van die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) besluit om beleidskoerse onveranderd te laat. Dit was in lyn met verwagtinge, en die teiken reeks vir die federale fondse-koers is behou op 5.25%-5.50%. Met die onlangse hoër as verwagte inflasie data en die ekonomie wat steeds sterk lyk, was die fokus eerder op enige toonverandering in die FOMK se verklaring en die Voorsitter, Jerome Powell, se persverklaring. Die oorkoepelende boodskap hierin was dat die Fed nie beoog om rentekoerse binnekort te verlaag nie, en dat geen verlagings oorweeg sal word voor die komitee nie met sekerheid kan sê dat inflasie besig is om volhoubaar na die 2%-teiken terug te keer nie. Die Fed se kommer oor inflasie was sigbaar in die veranderinge in bewoording van die beleidsverklaring wat die Fed se bevinding van “'n tekort aan verdere vordering” in die rigting van die teiken weerspieël.

In Suid-Afrika is inflasie steeds net bo 5%. Dit, tesame met die “hoër vir langer”-rentekoers boodskap van die FOMK, verlaag die kans dat plaaslike verbruikers binnekort 'n koersverlaging sal sien.

Aangesien daar in April geen Monetêre Beleidskomitee-vergadering in Suid Afrika was nie, het die fokus vanaf rentekoerse na politiek verskuif, veral met die algemene verkiesing om die draai. Die markte toon tot dusver nie verhoogde volatiliteit in die aanloop tot hierdie belangrike verkiesing nie, waar ons waarskynlik die vorming van 'n koalisieregering sal sien met die ANC. Internasionale beleggers sal waarskynlik op die kantlyn wag tot ná die verkiesing voor hulle besluit of hulle fondse in plaaslike effekte of aandele sal belê. Beide lyk aantreklik uit 'n waardasie oogpunt.

Volgens die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het Suid-Afrika 'n handelsurplus van R7.3 miljard in Maart aangeteken, met invoere ter waarde van R156.8 miljard en uitvoere ter waarde van R164.1 miljard. Die grootste bydrae tot hierdie handelsurplus spruit uit handel met Afrika, waar die uitvoere vir die maand meer as R25 miljard méér as die invoere was.

Pogings om 'n skietstilstand in Gaza en die vrylating van gyselaars te bewerkstellig, verskerp met samesprekings wat vroeg in Mei in Kaïro hervat word. Daar word geskat dat reeds meer as 35 000 Palestyne en Israeliete, as gevolg van die gewapende konflik wat in Oktober laasjaar begin het, gesterf het.

Amerikaanse aandele was die afgelope paar weke redelik weerstandig ten spyte van hardnekkige inflasie en die risiko dat die Federale Reserweraad rentekoerse hoër sal hou as wat aanvanklik gedink is. Die algemene siening is dat dit waarskynlik is weens beter as verwagte verdienste in die eerste kwartaal. Met 80% van die maatskappye in die S&P 500 wat ten tye van hierdie skrywe reeds hul verdienste bekend gemaak het, lyk die maatstaf indeks goed op dreef na 5%-groei in die eerste kwartaal se verdienste per aandeel (volgens FactSet). Dit is die grootste jaar-op-jaar-toename sedert die tweede kwartaal van 2022 en hoër as die verwagte 3.2%-groei wat analiste verwag het.



MARKPRESTASIE

Globale markte se sterk lopies van die afgelope vyf maande het tot 'n einde gekom met die S&P 500, Nasdaq 100 en Eurostoxx wat die maand almal in die rooi gesluit het. Die MSCI Wêreldindeks het in April met 3.6% gedaal terwyl ontlukende markte met 0.7% in Amerikaanse dollar-terme verhoog het.

Plaaslike aandele het beter gevaar en die JSE Indeks vir alle aandele het met 3.0% verhoog in die maand van April. Dit was veral te danke aan die styging in hulpbronaandele, en meer spesifiek Anglo American. Die BHP Groep van Australië het in April 'n \$39 miljard oornamaanbod op hierdie staatsmaker op die plaaslike beurs gemaak, wat natuurlik die Anglo-aandeleprys in April met byna 'n derde die hoogte laat inskiet het. Barloworld en African Rainbow Minerals se pryse het in April ook sterk gestyg, terwyl Sasol en Richemont albei met byna 10% gedaal het.

Suid-Afrikaanse effekte het bewys hoe veerkragtig hulle kan wees deur te versterk met 1.5% in April, dit ten spyte van praatjies van 'n vertraging in rentekoersverlagings. Hierdie prestasie kan tot 'n groot mate toegeskryf word aan die verwagting dat die verkiesingsuitslae nie 'n ramspoedige impak op kapitaalmarkte en die Suid-Afrikaanse regering se vermoë om in die toekoms geld te kan leen, sal hê nie.

Die rand het in April teenoor die meeste vername geldeenhede versterk terwyl die Japanse yen vir 'n wyle by die laagste vlak teenoor die Amerikaanse dollar (¥160 per dollar) sedert April 1990 gaan draai het.

MARKINDEKSE ¹	30 APRIL 2024		
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar ²
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	3.7%	1.1%	9.4%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	-4.0%	7.5%	-3.9%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	-1.2%	6.9%	7.2%
SA kontant (STeFI)	2.0%	8.4%	6.0%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	5.1%	22.5%	17.2%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontlukende markte)	9.3%	13.7%	8.0%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-2.0%	0.5%	3.9%
Rand/dollar ³	1.3%	3.0%	5.6%
Rand/sterling	-0.4%	2.6%	4.8%
Rand/euro	-0.3%	-0.2%	4.6%
Goudprys (USD)	11.9%	15.1%	12.3%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	7.5%	10.5%	3.8%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

MOET JY VERSKANS OF NIE?

Ongeag of dit ter wille van diversifikasie van plaaslike risiko is, of dalk om toegang tot die wêreld se beleggingsmooitlikhede te kry, dit bly belangrik om beide die bates wat hierdie beleggings sal koop, asook die geldeenheid waarin dit sal gebeur, te deurdink. Die rede waarom die keuse van geldeenheid van kardinale belang is, is omdat dit die uitkoms van jou belegging drasties kan beïnvloed.

Daar is verskeie faktore wat jy en jou finansiële adviseur moet oorweeg sodra jy besluit op toekomstige beleggings in die buiteland:


- Die geldeenheid waarin daar op die beleggingsplatform verslag gelewer word,
- Keuse van inkomstehantering,
- Die geldeenheid/ede van die onderliggende fondse in jou beleggingsportefeulje, en
- Of dit verskans word, of nie.

Die keuse van geldeenheid is belangrik vir verslagdoening, maar behoort geen invloed op die uiteindelijke uitkoms te hê nie. Dit is nuttig om 'n geldeenheid te kies waarmee jy bekend is of waarin jy beplan om jou welvaart te groei, maar dit is van geen belang ten opsigte van die beleggingsuitkoms nie.


Die tipiese keuse rondom die hantering van inkomste is of dit aan die belegger uitbetaal moet word, of eerder in die belegging moet ophoop. Dikwels moet beide inkomste behoeftes sowel as belastingimplikasies oorweeg word, so jou adviseur sal die opsie wat by jou unieke omstandighede pas, aanbeveel.

Dit bring ons by die geldeenhede van die onderliggende instrumente van jou globale beleggingsportefeulje. 'n Adviseur sal die aantal valutatransaksies wat nodig is probeer beperk. Elke keer wanneer een geldeenheid vir 'n ander verruil word, maak iemand geld, en dit is nooit die belegger nie. Byvoorbeeld: wanneer 'n belegger beoog om in twee fondse te belê waarvan een in Amerikaanse dollars geprys is en die ander in pond Sterling, is dit feitlik altyd beter om van rand na dollar om te skakel vir die een fonds en van rand na pond vir die ander fonds, eerder as om die totale bedrag na dollar om te skakel en daarna 'n deel van die dollars na pond om te skakel. Teen hierdie tyd behoort die waarde van 'n ervare adviseur duidelik te wees.


Nog iets wat belangrik is om te oorweeg, is of jy in 'n verskansde of onverskansde weergawe van die fonds sal belê. Dit het niks te doen met verskansingsfondse as 'n beleggingstrategie nie, maar eerder of die belegger blootstelling aan die onderliggende aandele en al die gepaardgaande geldeenhede verlang, of eerder net aan die onderliggende aandele in die fonds met verskansing teen die gepaardgaande geldeenhede en wisselkoerse. In die voorbeeld hieronder word die prestasie (oor 'n vyf jaar-periode) van 'n bekende globale fonds wat 'n hele aantal verskillende klasse bied, aangedui. Die eerste grafiek dui die prestasie van die euro-geprysde klas en die Amerikaanse dollar-geprysde klas, albei onverskans, in die basis geldeenheid aan:



Dit blyk dat 'n belegging van EUR10 000 beter as 'n belegging van USD10 000 gevaar het. Dit is natuurlik nie waar nie, aangesien prestasievergelykings in dieselfde geldeenheid gedoen moet word. Die grafiek hieronder dui aan hoe beide hierdie bateklasse presteer het wanneer dit in dieselfde geldeenheid (Amerikaanse dollar in hierdie geval) gemeet word:



Die basisgeldeenheid van die fonds is duidelik nie van belang indien die portefeuljebestuurder nie die fonds teen die wisselkoerse verskans nie. Dit is egter wat gebeur in 'n fonds waar een bateklas verskans is teen die wisselkoerse en die ander een is blootgestel aan die waardewisseling van die onderliggende geldeenhede:



In hierdie geval sou dit tot die belegger se nadeel gewees het om in die euro-verskansde klas van die betrokke fonds belê te wees wanneer dit met die onverskansde USD-weergawe vergelyk word. Die onderliggende aandele in die fonds het presies dieselfde opbrengste gelewer, maar aangesien die beleggers gekies het om wisselkoersrisiko te verwyder (verskansing teen nie-euro-blootstelling) het hulle meer as 2% per jaar afgestaan. Dit stem ooreen met die koers waarmee die euro teenoor die dollar oor hierdie tydperk verswak het.

So om te verskans of nie te verskans nie is 'n belangrike oorweging, raadpleeg jou adviseur.

Bron: Morningstar Direct

Disclaimer

For internal use only. The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance.

Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.